education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONAL SENIOR CERTIFICATE**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

**MODEL 2008**

**MEMORANDUM**

**TYD:** 3 UUR

**PUNTE:** 150

**Hierdie riglyne bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is gebruik om kandidate in hierdie vraestel te assesseer:**

| **Leeruitkomste** | **Assesseringstandaarde**<br><br>**LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN:** |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamen doeleindes nie).**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om 'n ondersoek te doen. **(Nie vir eksamen doeleindes nie).**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne, en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuieenis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike idees.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderde magsverhoudings binne die samelewings wat bestudeer is.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings oor die optrede of gebeure te maak.. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne wat verskaf word en wat onafhanklik verkry is om die argument te steun..<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanlik geassesseer word.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

Kopiereg voorbehou 

**1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer.**

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V 2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van sterotipes, subjektiwiteit en gapings n die beskikbare getuienis<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne did aspekte van samelewings wat bestudeer word<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure om onafhanklike gevolgtrekkings oor die optrede of gebeure te maak.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke ealk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities |

**1.3. BRONGEBASEERDE VRAE**

| **DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE** |
| --- |
| • By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.<br><br>• By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.<br><br>• In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag(vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraetelling aangedui in kursiefgedrukte skrif. |

## 2. UITGEBREIDE SKRYWE

**2.1 Vir die uitgebreide skrywe is daar twee vlakke van vrae, soos in die tabel hieronder:**

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens ‘n gegewe argument wat in die lang vraag uiteen-gesit word.<br>• Beplan en konstrueer ‘n argument op grond van getuienis, en gebruik die getuienis om ‘n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om ‘n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig ‘n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamste. |

2.2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY ‘N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING HE AS DIT WAT INGESLUIT IS BY ‘N RIGLYN VIR NASIEN VAN ‘N SPESIFIEKE OPSTEL.
- IN DIE ASSESSERING VAN DIE BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.

## Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (global) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as ‘n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk.Hierdie benadering moedig die leerder aan om ‘n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerdr feitlike bewyse om ‘n argument te ondersteun. Van die leerdersal nie verwag word om slegs’ feite’uit te spoeg om sodoende ‘n hoe punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “ modelantwoorde” voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening .Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/ daarstel van ‘n argument;
- Ie toepaslike selleksie van feitelike bewyse om so’n argument te ondersteun; en
- die leerder se interpretasie van die vraag.

### Assesseringsprosedures van ‘n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word..

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ‘n relevante inleiding ( in riglyne vir nasien/memorandum aangebring met ‘n “bullet”) vir elke hoofmoment ( in riglyne vir nasien memorandum aangedui met ‘n “bullet”) ‘n relevante slotopmerking( in riglyne vir nasien memorandum aangedui met ‘n “bullet”) bv. In ‘n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees..

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word::

   - inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^

   - verkeerde stelling ________

- irrelevante stelling |
|
|
|

- herhaling **R**
- analiseer **A**√
- interpretasie 1√

4. Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks ) word toegeken..

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| | | |

5. Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak ( op die matriks ) van die aanbieding bepaal..

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| A | VLAK 1 | |

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | B+ |
| A | VLAK 1 | 39 |

**DIE MATRIKS**

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in agt vaardigheidsvlaqkke verdeel. Elke vlak het sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

## Graad 12 uitgebreide skrywe matriks

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel.Goeie sintese van inligting. Ontwikkel argumentt.Baie goie gebruik van getuienis om die argument te ondersteun | **VLAK 6**<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel.Sintetise van inligting Ontwikelkel argument.Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Skrywe gestruktureed Ontwikkel argument. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Duidelike poging om argument te ontwikkel.Getuienis tot 'n groot mate gebruik om argumemt te ondersteun. | **VLAK 3**<br>Poging aangewend om die inligting in 'n argument te vormGetuienis nie goed gebruik om argument te ondersteun nie. | **VLAK 2**<br>.In groot mate beskrywend Baie skrale poging om argument te ontwikkel.. | **VLAK 1**<br>Antwoord glad nie goed gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7***<br>Vraag ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| ***VLAK 6***<br>Vraag is beantwoord inhoud relevant tot gedagterigting wat gevolg is.. | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| ***VLAK 5***<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toerreikend en relevant.. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| ***VLAK 4***<br>Vraag herkenbaar. Gebreke t.o.v. inhoud.I rrelevante inhoud. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| ***VLAK 3***<br>Feite hou nie altyd verband met die vraag nie.Weglatings.. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| ***VLAK 2***<br>Inhoud skraal.Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| ***VLAK 1***<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Meestal nie relevant nie. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJET-UNIE BYGEDRA TOT DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID- AFRIKA?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking en verduideliking van bewyse uit bron 1A – V1 – LU1, AS1; LU2, AS2]*

- Hulle was verbaas en redelik verslae oor die skielike aankondiging
- Verlig en hulle hulle dapper daad bewonder (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Vergelyk en bewys teenstellings in in Bron 1A – V3 – LU2; AS2, 3]*

**Ooreenkomsre**

- De Klerk en Gorbachev het albei met hervorming begin
- In SA en Rusland was daar 'n gevoel van trauma, opgewondenheid en ongeloof
- In SA het apartheid tot 'n einde gekom en in Europa het die Berlynse Muur geval

**Verskille**

- Gorbachev het nie verwag om dele van Oos- Europa te verloor nie
- Gorbachev het nie verwag dat sy hervormings tot die val van kommunisme en die Sowjet-Unie sou lei
- De Klerk het nie swart meerderheidsregering in SA verwag nie
- De Klerk het nie die einde van Afrikaner nasionalisme verwag nie (enige 3 x 2) (6)

1.1.3 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit bron 1A– V2- LU1, AS3,4]*

- Nee, nie De Klerk of Gorbachev het die gevolge van hulle hervormings verwag nie
- Beide De Klerk en Gorbachev het verwag om aan bewind te bly (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit bron 1A-V2-LU1, AS3,4]*

- In 1989 einde van kommunistiese beheer in Rusland en die geboorte en groei van demokrasie; die koue oorlog tussen VSA en Rusland om tot 'n einde
- In 1990 einde van blanke minderheidsregering en apartheid in Suid-Afrika- beteken internasionale verhoudinge verbeter
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit bron 1B – V1, 2 – LU1; AS3; LO2; AS2]*

- Internasionale druk
- Gorbachev se besluit om kommunisme in Rusland te beëindig
- Sanksies en ekonomiese druk op Suid-Afrika
- Interne druk (enige 3 x 1) (3)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit bron 1B – V2 –LU1, AS1; LU2, AS2, 3]*

- South Afrika onder ekonomiese druk en besigheid bekommerd
- Besigheid plaas druk op De Klerk om sy regering se beleid te verander
- Suid- Afrika by kruispad: verander of word verander (enige 1 x 2) (2)

1.3

1.3.1 *[Onttrek en interpreteer bewyse uit bron 1C – V1 – LU1; AS3]*

- Negatiewe impak
- Finansiële en morele bystand van USSR kom tot einde (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.3.2 *[Analise en interpretasie van bewyse uit bronne 1C– V2, 3 – LU1; AS3; LU2; AS2]*
- De Klerk voel dat ANC verswak het omdat Rusland sy finansiëele en morele steun onttrek he
- ANC se posisie verswak- onderhandel vanuit verswakte posisie

(1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit bron 1C – V3 – LU3; AS2]*
Ja
- ANC nie deur Rusland of kommunisme beinvloed word nie
- Rusland sal nie ANC ondersteun nie
- Veranderinge bewys dat kommunisme misluk het en dus geen rede om kommunisme te vrees nie
- Einde van Rusland se wêreld oorheersing
- De Klerk voel dat hy die ANC kan manipuleer en dus SA in die toekoms sal kan beheer
- Enige ander relevante antwoord

Indien 'n kandidaat Nee antwoord moet hulle hul antwoord kan motiveer

(enige 2 x 2)(4)

1.4
1.4.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 1D – V1 – LU1; AS3]*
- Verbanning van politieke organisasies opgehef
- Beledigende apartheidswetgewing opgehef
- Politieke gevangenes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 1D – V3 – LU3; AS2]*
- De Klerk besef dat die val van kommunisme die ANC sal verswak
- Gebruik die geleentheid om saam met die ANC te werk- manipuleer en beheer(1 x 2) (2)

1.4.3 *[Vergelyk en bewys teenstellings in Bron 1D – V3 – LU2; AS2/3]*
Kandidate moet die verskille tussen De Klerk en PW Botha of apart of saam uitlig

**De Klerk**
- Verkies om saam met swart meerderheid te onderhandel
- Wou stelsel van magsdeling instel
- Wou blanke minderheidsregering in Suid- Afrika behou
- Wou verseker dat blanke oorheersing en bevoorregting bly voorrbestaan
- Enige ander relevante antwoord

**PW Botha**
- Slegs minimale hervormings ingestel
- Driekamer stelsel van magsdeling
- Blanke beheer verseker
- Teen swart meerderheidsregering
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.4 *[Analiseer en interpreter bewyse uit Bron 1D – V2 – LU1; AS3, LU2; AS2/3]*

(a) Nelson Mandela – Gevoel De Klerk wou nie regtig swart Suid-Afrikaners bevry nie De Klerk wou stelsel van magsdeling instel wat blanke oorheersing in Suid-Afrika sou verseker

(b) Van Zyl Slabbert – De Klerk het nie die trefkrag van sy besluit besef nie. De Klerk het aanvaar dat hy nog steeds Suid-Afrika se politieke toekoms sou beinvloed (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V2 – LU1 (AS3, 4); LU2 (AS1, 2 & 3); LU3 (AS1, 2, 3 & 4]*

Kandidare moet op die volgende aspekte let:

- Redes vir die einde van kommunistiese beheer in Oos-Europa
- Impak van hierdie besluit op die werëld politiek
- Suid Afrka se reaksie op die beëindiging van kommunistiese beheer in Oos-Europa
- De Klerk se reaksie en antwoord
- De Klerk se stratagie en plan vir Suid-Afrika
- Impak van die besluit op Suid- Afrika
- Enige ander relevante antwoord

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op baie elementêre wyse<br>• Gebruik bewyse in ‘n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en hou in ‘n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op ‘n baie basiese wyse | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrek bewyse – hou baie goed verband met onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effekteif in ‘n georganiseerde paragraaf. Toon goei begrip van die onderwerp | Punte: 4 - 6 |

## 1.6 UITGEBREIDE SKRYWE

*[Analise, sintese en die vermoe om ‘n samehangende argument, gebaseer op bewyse, te konstrueer – V1-3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1,2, 3 &4]*

Kandidate moet die volgende in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die Sowjet-Unie De Klerk beinvloed het om sy historiese toespraak op 2 Februarie 1990 te maak , wat Suid-Afrika se politieke toekoms verander het.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe De Klerk deur die val van die Sowjet-Unie beinvloed is en verduidelik hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

UITBREIDING

- Redes vir die val van die Sowjet- Unie(brëe raamwerk)
- Invloed van die val van die Sowjet- Unie op De Klerk se optrede
- De Klerk se besluit om die verbanning van politieke partye op te hef en politieke gevangenes vry te laat
- Proses van onderhandeling- saambring van vyandiges (bv Grootte Schuur Minute, the Pretoria Minute, KODESA I & II, Slegs blanke referendum)
- Transitional Executive Council
- Oorgang nie vreedsaam nie- bv ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, aktiwiteite van die regse vleuel en die rol van APLA, en die dood van Chris Hani
- Politeke magsvertoning; botsings van politieke rol spelers (Mandela - De Klerk; Buthelez i; regse organisasies)- impak op die oorgangs proses

- Meerderheid vs Minderheid- een mam een stem
- Versterking van onderhandelings- ontstaan van demokrasie (rol van Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer) kompromie en verbind tot verandering
- Eerste demokratiese verkiesing in 1994

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat en aandui hoe die aankondiging van De Klerk Suid- Afrika se politieke pad verander het.
  **(30)**

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

1.6.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V1- 3 – LU 2; AS 2, 3; LU3; AS1, 2, 3 &4]*

SINOPSIS

Kandidate moet aandui hoe hulle hul eie kennis en die inligting uit die bronne gebruik om te verduidelik of hulle saamstem of verskil met die stelling. Kandidate moet hulle argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet klem lê op die redes vir die val van apartheid- De Klerk of die val van die Sowjet- Unie.

UITBREIDING

- Redes vir die val van die Sowjet- Unie
- Het die val van die Sowjet Unie 'n invloed op Suid-Afrika gehad.
- Fokus op De Klerk se politieke dapperheid, vertroue en leierskap in die vrylating van politieke gevangenis en partye
- De Klerk se 2 Februarie 1990 toespraak – verwys na betekenis
- Impak van sy toespraak tuis en internasionaal/€uuu€€€€€/€€€€€/€
- Rol in die onderhanelings proses (bv. Grootte Schuur Minute, die Pretoria Minute, KODESA I & II, Slegs Blanke referendum)
- Stigting van Transitional Executive Council
- Oorgang verloop nie vreedsaam bv ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regse optredes en die rol van APLA, dood van Chris Hani
- De Klerk se leierskap en sy rol in die handtering van die 1993 krisis
- Versterking van die onderhandelings proses- ontwaking van demokrasie (ro van Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer) kompromie en verbind tot die proses van onderhandeling
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994. Enige ander relevante antwoord .

- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat en verduidelik of dit De Klerk of die val van die Sowjet- Unie was wat die einde van apartheid gebring het. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer [75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE VERVAL VAN DIE SOWJET- UNIE AFRIKA STATE SOOS ZAIRE ( nou die Demokratiese Republiek van Kongo) BEÏVLOED?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit bron 2A – V1 – LU1; AS3]*

- Koue Oorlog kom tot einde
- Rusland se invloed in Afrika verminder
- Borge huiwerig om lenings vir Afrika te gee
- Afhanklik van vriendelike lande bv Sowjet -Unie vir ondersteuning

(enige x 2) (4)

2.1.2 *[Analiseer historiese konsepte uit Bron 2A- V1- LU2; AS1]*

- Eiende van Koue Oorlog het impak op Afrika
- Westerse lande het geen belang by Afrika
- Finansieel nie voordelig nie
- Afrika nie langer die hoof fokus
- Heropbou van Oos- Europa
- Enige ander relevante antwoord (enige2 x 2) (4)

2.1.3 *[Verduideliking van begrippe uit Bron 2B – V1 – LU2; AS2, 3]*
(a) Demokrasie- regering vir die mense deur die mense. Verkiesings vry en regverdig
(b) Vryemarkstelsel- ekonomiese beginsel gebaseer op demokrasie en gee aan beleggers die geleentheid om in 'n land te belê waar daar goeie demokratiese regering is sonder vrese van nasionalisasie of staatsbeheer (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpreteer en analiseer bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1; AS3]*
- Afrika behoort demokrasie en menseregte te bevorder
- Effektiewe en eerlike regering
- Vrye mark stelsel
- Liberale politieke en ekonomiese stelsels
- Enige ander relevante antwoord (enige x 2) (4)

2.1.5 *[Interpret and analyse information from Source 2A – V2 – LU1; AS3]*
- Weste- sekere voorwaardes vir Afrika se ontwikkelings planne
- Verpligtend- Afrika moet demokratiese regeringsmodel volg en vryemark stelsel volg
- Indien Afrika lande nie saamwerk nie( bv Zimbabwe) staar hulle ekonomiese en politieke isolasie in die gesig.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2
2.2.1 *[Interpreteer en evaluee bewyse uit Bron 2B – V1 – LU1; AS3; LU2; AS2]*
- Die Weste en VN het saam gesweer om Lumumba te vermoor
- Mobutu nuwe leier van die Kongo was'n handlanger van die VSA
- Mobutu was 'n 'lackey' of handlanger van die Weste
- Politieke en ekonomiese vryheid was onderdruk deur Westerse inmenging
- Die Weste het Mobutu gebruik om die Koue Oorlog teen Rusland aan die brand te hou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit bron 2B – V1 – LU1; AS3; LU2; AS2]*
- Bewys van mags politiek met elke nuwe leier in Zaire
- Nuwe leiers wou hulle mag beveilig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit bron 2C – V1-LU1; AS3]*
- Kongo beskik oor belangrike grondstowwe - begeer deur naburige lande

(1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2C – V2 – LU1; AS 3]*
- Suid-Afrika help met die proses van onderhandeling by

(1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1; AS3/4]*
- Spotprenttekenaar is akkuraat met sy voorstelling van gebeure in Afrika-wys hoe Afrika die juk van koloniale beheer verwerp (1 x 2) (2)

2.4
2.4.1 *[Onttrek, analiseer en interpretee bewyse uit Bron 2D-V3- LU1; AS3; LU2; AS2, 3]*
- Hulle word as handlangers van die VSA gewys
- Beide Mobutu en Kabila word deur die VSA beheer en beïvloed

(enige 1 x 3) (3)

2.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 2D – V2 – LU1; AS3]*
- Bewys dat die VSA beheer het oor Afrika se belange
- Bewys dat Afrika se leiers na die VSA luister en 'n beleid volg wat deur hulle voorgeskryf word
- Na vore bring dat Afrika se leiers nie vir hulle self kan dink nie (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2D – V2 – LU1; AS4]*
- Nie bruikbaar- meer bronne word benodig
- Ander perspektiewe en sieninge nodig - nodig vir historikus om gebalanseerde en onbevooroordeelde siening te kry
- Enige ander relevante antwoord

**Die volgende rubric moet gebruik word om die vraag te merk om die bruikbaarheid van die bron te bepaal**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | Does not understand or partially understands the term usefulness and does not have the ability to establish the usefulness of the source(s). | **0 – 1 Punte** |
| **VLAK 2** | Understands the term usefulness and is able to establish the usefulness of the source(s) to a certain extent. | **2 – 3 Punte** |
| **VLAK 3** | Understands how and has the ability to establish the usefulness of the source(s). The candidate uses this ability to come to a clear and sound Samevatting about the usefulness of the source(s). | **4 Punte** |

(4)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V2 – LU1 (AS3, 4); LU2 (AS1, 2 &3); LU3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate moet op die volgende klem lê in hulle antwoord:
- Faktore wat tot Kongo se onafhanklikheid lei
- Patrice Lumumba se rol as die eerste Eerste Minister van die Kongo
- Sluipmoord van Lumumba
- VSA rol en invloed
- Mobutu se rol as die leier van Zaire
- Inpak van die Koue Oorlog op Zaire
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op baie elementêre wyse<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrek bewyse – hou baie goed verband met onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effekteif in 'n georganiseerde paragraaf. Toon goei begrip van die onderwerp | Punte: 4 - 6 |

(6)

(45)

## 2.6 UITGEBREIDE SKRYWE

2.6.1 *[Analise sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te formuleer gebaseer op bewyse – V1- 3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate moet die volgende in hille antwoord insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet 'n bepaalde standpunt inneem en dit met relevante bewyse ondersteun.Antwoord moet klem lê op die val van die USSR en hoe dit gebeure in die Kongo tussen 1997 en 2003 beïvloed het.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet hulle siening stel en aandui hoe hulle dit gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Fokus op Koue Oorlog in die Kongo (VSA-USSR) breë raamwerk
- Die impak van die Koue Oorlog op die Kongo
- Die einde van die Koue Oorlog
- Impak van die einde van die Koue Oorlog op die Kongo
- Fokus op die politieke, maatskaplike en ekonomiese gevolge vir die Kongo na die Koue Oorlog
- Verandering in leierskap en die begin van demokratiese regering in die Kongo
- Fokus op die positiewe en negatiewe uitwerking van demokratiese regering in die Kongo
- Enige ander relevante antwoord

- Samevatting: Kandidate moet die argument saamvat deur te fokus op die impak van die einde van die Koue Oorlog op die Kongo (30)

Kopiereg voorbehou 

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

2.6.2 *[Analise,,sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te formuleer gebaseeer op bewyse – V1- 3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate moet die volgende in hille antwoord insluit:
:

SINOPSIS

In die skryf van hierdie artikel moet kandidate die invloed wat die USSR op die politieke en ekonomiese gebeure in die Kongo gehad beskryf. Kandidate moet ook uitlig hoe die einde van die Koue Oorlog ‘n impak op Kongo se politieke en ekonomiese ontwikkeling gehad het. ..

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet bewys hoe die Kongo baie swaar op ekonomiese en militêre steun van Rusland geleen het .

UITBREIDING

- Skets die USSR se ekonomiese en politieke invloed in die Kongo
- Fokus op Kongo se afhanklikheid van USSR bystand
- Die einde van die Koue Oorlog
- Die impak van die einde van die Koue Oorlog op die Kongo
- Politieke en ekonomiese onbestendigheid in die Kongo
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet hulle argument saamvat en aandui hoe die einde van die Koue Oorlog ‘n invloed op die Kongo gehad het.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer** **[75]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE SLUIPMOORD OP CHRIS HANI DIE ONDERHANDELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA BEÏVLOED?**

3.1

3.1.1 *[Ontrek en analiseer inligting uit Bron 3A – V1 – LU1; AS 3,4]*

- Verdediger van vrede
- Hy was ‘n man wat warmte uitgestraal het
- Hy het ‘n lus vir die lewe gehad
- Hy was ‘n man van teerheid en optimisme (enige 3 x 1) (3)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit bron 3A – V2 – LU1; AS3, 4; LU2; AS2, 3]*
- Die sluipmoord op Hani was deur die regtervleuel beplan
- Hy was deur 'n Poolse immigrant in 'n lokval geskiet (enige1 x 2) (2)

3.1.3 *[Analise en interpretasie van bewyse uit bronne 3A – V2 – LU1; AS2, 3]*
- Waluz was lid van die neo-Nazi regtervleuel
- Kommuniste soos Hani gehaat
- Hani as 'n kommunis beskou en 'n bedreiging vir blanke beheer (enige2 x 2) (4)

3.1.4 *[Analise en interpretasie van bewyse uit bronne 3A – V2 – LU1; AS2, 3]*
- Die regse vleuel wou hierdie leiers elimineer en sodoende die onderhandelingsproses verongeluk
- Wou verwoesting, chaos, verwarring en verdeeltheid saai
- Gekant teen hulle progressiewe pollitieke ideologieë (enige x 2) (4)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit bron 3A – V1 – LU1; AS3, 4]*
Kandidate kan JA of NEE antwoord maar hulle moet hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

**JA**
- Die beskikbaarheid van hoë kalibre wapens was 'n bewys van samewerking tussen die sekuriteits personeel en die regse vleuel
  Die sluipmoord op Hani was 'n doelbewuste poging om die onderhandelingsproses te verongeluk
- Om verwarring en vrees te saai en om voort te gaan met blanke minderheidsregering

**NEE**
- Die beskikbaarheid van hoë kalibre wapens was 'n aanduiding dat die regtervleuel teen swart meerderheidsregering gekant was
- Hulle wou die instelling van kommunistiese beheer verhoed
- Dit was 'n wanhopige poging aan die kant van die regtervleuel ( enige 2 x 2) (4)

3.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit bron 3A - V2 – LU2; AS2, 3]*
(a) ANC – Hani se dood los leemte in ANC leierskap- wen steun
(b) Jeug – hulle het hom bewonder vir sy dinamiese leierskap-styl,dissipline en kommunistiese beginsels; hulle was kwaad omdat hulle van sy leierskap beroof is
(2x2) (4)

3.1.7 *[Maak afleidings van die bewyse in Bron 3A – V3 – LU2, AS3; LU3;AS1,2]*

- Hani gee toe dat die besluit om die gewapende stryd op te sê korrek is, sodat die onderhandelings proses voort kan gaan totdat demokrasie ingestel is
- Die regse vleuel het nie die onderhandelings proses ondersteun nie- hulle het nie in magsdeling geglo nie en was teen meerderheidsregering/ demokrasie

(2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Analise en interpretasie van bewyse uit bronne 3B - V2 – LU1; AS3, 4;LU2; AS2, 3]*

- Dit was 'n belangrike historiese gebeurtenis
- Belangwekkend – belangrike politieke leier vermoor (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie en verduideliking van bewyse uit Bron 3B – V3 – LU3; AS2, 3]*

Kandidate kan JA of NEE antwoord- moet antwoord steun met relevante bewy

- **JA**,: gee beide geskrewe en visuele inligting- historikus moet na beide kante kyk om gebalanseerde antwoord te gee

- **NEE:** , gee slegs een kant van die storie- geen ander opinie om akkurate weergawe van gebeure te gee (enige 1 x 2) (2)

3.3 *[Vergelyk inligting uit Bronne 3A en 3B - V2 – LU1; AS3, 4; LU2; AS2, 3]*

Kandidate kan of Bron 3A of Bron 3B kies en hulle keuse regverdig met relevante bewyse en argument

**BRON 3A**

- Gee akkurate en kronologiese weergawe van Hani se karakter en persoonikheid
- Bring na vore hoe Hani vermoor is
- Gee direkte aanhaling deur Hani waarom die gewapende stryd tot 'n einde gebring is

**BRON 3B**

- Gee akkurate verslag van hoe Hani vermoor is
- Gee perspektief van wie Hani vermoor het
- Lig die publiek in om kalm te bly
- Gee visuele beeld van Hani se lyk
- Enige ander relevante antwoord (enige x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Ontrekking en interoretasie van bewyse uit Bron 3C – V1 – LU1; AS3, 4]*

- Mandela probeer die Suid- Afrikaanse publiek paai om hulle nie tot wraak moorde te wend nie
- Mandela en die meeste politici vrees die uitbreek van burgeroorlog (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 3C – V3 – LU3; AS2, 3]*

- Hani vind aanklank by die jeug in Suid- Afrika en die meeste hou van sy leierskap styl
- Die jeug mag wraak soek en begin om blanke Suid- Afrikaners te vermoor
- Hulle was jonk en het in radikale oplossings geglo om Hani se dood te wreek

(enige x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 3C - V2 – LU2; AS2, 3]*

- Mandela' se toespraak sukssesvol om burgeroorlog in Suid-Afrika te voorkom
- Die jeug en ander militantes het na Mandela geluister en hule nie tot geweld gewend om wraak te neem vir Hani se dood (2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyk bewyse uit Bronne 3A, 3B en 3C - V2 – LU1; AS3, 4; LU2; AS2, 3]*

- Suid- Afrika sou gebuk gegaan het onder geweld, tweedrag en chaos
- Rasse oorlog sou uitgebreek het
- Geweld en onsekerheid sou aan die order van die dag gewees het
- Wetteloosheid sou ontstaan het
- Demokrasie sou tot stilstand gekom het
- Enige ander relevante antwoord (enige2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V2 – LU1,AS3; LU2,AS1, 2 &3; LU3,AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate moet op die volgende aspekte fokus in hulle antwoorde:

- Hani was leier van die Kommunistiese Party
- Gewildheid van Hani onder die jeug
- Hani se dood sou tweedrag en chaos in Suid-Afrika bring
- Regse vleuel sou so scenario verwelkom het
- Hani se dood sou die onderhandelingsproses stop gesit het
- Regse vleuel vrees geboorte van demokratiese regering.
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op baie elementêre wyse<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrek bewyse – hou baie goed verband met onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effekteif in 'n georganiseerde paragraaf. Toon goei begrip van die onderwerp | Punte: 4 - 6 |

(6)

## 3.7 UITGEBREIDE SKRYWE

3.7.1 *[Analise,sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te foruleer gebaseer op bewyse – V1-3 – LU3; AS2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik of Chris Hani se sluipmoord bygedra het tot die ontstaan van demokrasie in Suid-Afrika. Gebruik bewyse uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem oor die rol en betekenis van Chris Hani in die massa- demokratiese beweging.

UITBREIDING
- Hani se rol in die onderhandelingsproses
- Hani was 'n gewilde en innemende leier
- Regse organisasies het vervreemd gevoel agv onderhandelingsproses
- Regse vleuel het nie van Hani gehou omdat hy 'n kommunis was
- Regse vleuel wou onderhandelingsproses verongeluk
- Regse vleuel antwoord met sluipmoord op Hani
- Gevolge van Hani se sluipmoord
- Mandela versoek Suid- Afrika om kalm te bly
- Hani se dood het die onderhandelingsproses bespoedig
- AWB storm World Trade centre om onderhandelingsproses te verongeluk
- De Klerk en Mandela stel datum vir Suid-Afrika se eerste demokratieseverkiesing
- Regse vleuel- geweld in Bophuthatswana
- Konserwatiewe blankes besluit om aan die demokratiese verkiesing deel te neem
- Algemene verkiesing van1994
- Mandela verkies tot nuwe president van SA
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet argument saanvat- hoe het die sluipmoord op Hani bygedra tot die geboorte van 'n demokratiese Suid- Afrika.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

3.7.2 *[ Analise ,sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te foruleer gebaseer op bewyse – V1-3 – LU3; AS2, 3 & 4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS
Kandidate moet die betekenis van die onderhandelingsproses in die totstandkoming van demokrasie in Suid-Afrika in hulle artikel bespreek .Lê klem op die redes hoekom die regse vleuel die onderhandelingsproses wou verongeluk deur Hani te vermoor

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet die artikel inlei deur te fokus op die belangrikheid van die onderhandelingsproses in die land se poging om demokrasie te bewerkstellig.

UITBREIDING
- Breë raamwer- opheffing van politieke partye wat verban is en leiers soos Mandela
- Nasionale Party se redes vir onderhandeling
- Prosess van onderhandeling- vyande saambring (bv. Grootte Schuur Minute, die Pretoria Minute, KODESA I & II, slegs blanke referendum)
- Transitional Executive Council
- Oorgang nie vreedsaam bv ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite en die rol van APLA, dood van Chris Hani (aantoon hoe dit die onderhandelingsproses probeer verongeluk het)
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet argument saamvat (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

**[75]**

**VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE(WVK) GEPOOG OM DIE WONDE VAN DIE VERLEDE TE HEEL?**

4.1
4.1.1 *[Onttrek en analiseer inligting uit Brone 4A – V1 – LU1; AS 3,4]*
- Krog- dit was 'n wonderwerk
- Belangrike mylpaal
- WVK het Suid-Afrika se geskiedenis bepaal (enige x 1) (2)

4.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit bron 4A – V2 – LU1; AS3, 4; LU2; AS3,4]*
- Kollig op Suid-Afrika se verlede
- Geleentheid vir mense om oor die verlede se gruweldade te praat

- Enige ander relevante antwoord (2 x 1) (2)

4.1.3 *[Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1; AS3,4]*
- Mense het nou geleentheid om hulle bekommernisse oor Suid-Afrika se politieke verlede en swaar kry te lig
- Mense kan vrylik praat oor die gruweldade teen hulle families, deur die apartheid regering. (enige 1 x 2) (2)

4.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit bron 4A – V2 – LU1; AS3,4]*
- Gewone mense kan hulle storie vertel
- Geleentheid om gebalanseerde siening van die verlede te kry
- "Versteekte" geskiedenis en stories kan nou openbaar gemaak word
- Mondelinge getuienis kon vir die eerste keer opgeneem word
- Die opnames van hierdie geskiedenis kan nou plaaslik en internasionaal verkry word (enige 1 x 2) (2)

4.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit bron 3A – V1 – LU1; AS3,4]*
Kandidate kan Ja of Nee kies maar hulle moet hul antwoord met relevante bewyse kan ondersteun.

**JA**
- Sommige families voel dit het aan hulle die geleentheid gegee om hulle gevoelens te vend en so verligting gebring
- Mate van vergoeding ontvang
- Enige ander relevante antwoord

**NEE**
- Hoë-profiel families voel dat die WVK 'n baie onregverdige proses was
- Het by die Konstitusionele Hof oor die WVK gekla
- Enige ander relevante antwoord (enige x 2) (2)

4.1.6 *[Gebruik bewyse ui Bron 4A tom tot slotsom te kom – V3 – LU3; AS1, 2]*
- Gevoel daar was ernstige gebreke
- Gevoel die proses was baie onregverdig
- Frustrasie bewys deur die saak na die Konstitusionele Hof te neem.

(enige 2 x 2)

4.1.7 *[Analise, sintese van bewyse uit Bron 4A– V2 – LU1; AS 3,4, LU3; AS 2, 3, 4]*
Kandidate kan enige van die volgende gebruik- moet antwoord met bewyse ondersteun:
**'Slagoffer- vriendelik'**
- WVK het aan die mense die geleentheid gegee om hul woede, gevoelens en stories te vertel
- Bied die kans om te herstel
- Bied die geleentheid om met die verlede vrede te maak
- Kans om versoening met die verlede
- Enige ander relevante antwoord

**'Oortreder -vriendelik'**

- Geleentheid vir oortreders om hulle slagoffers van aangesig tot aangesig te sien
- Geleentheid om vergifnis te vra
- Indien oortreders hulle gruweldade erken kan hulle deur die WVK vergewe word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.1.8 *[Interpretasie van bewyse uit bron 4A – V2 – LU1; AS2, 3]*

- Alhoewel Buthelezi die idee van die WVK ondersteun het -het hy sterk bedenkinge gehad of die WVK oor die nodige beskik het om sy doelstellings te bereik (1 x 2) (2)

4.1.9 *[Interpretasie en analise van bewyse uit bron 4A – V2 – LU1; AS3,4, LU3; AS 2, 3, 4]*

Kandidate kan enige een van die drie bronne kies. Punte sal toegeken word vir hulle keuse sowel as die regverdiging van hulle keuse deur die gebruik van historiese kennis.

(enige x 3) (3)

4.2

4.2.1 *[Extract and analyse information from Source 4B – V1 – LU1; AS2, 3]*

- Lede van die WVK gaan 'n moeilike tyd hê om aan die gewonde pasient te werk- voorgestel deur Suid-Afrika
- Suggereer dat die WVK 'n moeilike tyd gaan hê om Suid-Afrika te rehabiliteer

4.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit bron 4B – V2-LU1;AS2,3]*

- Akkuraat – weerspieëling van die situasie in Suid-Afrika toe die WVK gevorm is (1 x 2) (2)

4.2.3 *[Analise van bewyse uit Bron 4B- Bron 4A – V2 – LU1; AS2, 3]*

Kandidate mag enige van die standpunte in Bron 4A kies maar moet hulle keuse regverdig om Bron 4B te ondersteun met relevante historiese kennis.

- Standpunt 2 – WVK onregverdig teenoor 'slagoffer' maar vriendelik teenoor 'oortreder'
- Standpunt 3 – Noem dat Buthelezi die proses van die WVK ondersteun- maar glo dat beide die standpunte van mening is dat die WVK gaan sukkel om Suid- Afrika se verlede te versoen

(enige2 x 2) (4)

4.3

4.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit bron 4C- V1 – LU1; AS2, 3]*

- Khotso Huis deur ANC en anti-apartheid-organisasies gebruik om vregaderings te hou (1 x 2) (2)

4.3.2 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 4C- V1 – LU1; AS2, 3]*

- Vlok deur PW Botha aangesê om Khotso Huis te bombardeer (1 x 2) (2)

4.3.3 *[Evalusie van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU1; AS2, 3, LU3; AS 2, 3, 4]*

- Vlok gee detail oor wat hom gemotiveer het om Khotso Huis te bombardee

- Vlok het die moed gehad om die misdade van die regering bloot te stel

(enige 1 x 2) (2)

4.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit bron 4C – V2 – LU1; AS2, 3]*

- PW Botha negatiewe houding teenoor WVK
- Verwerp die aantuigings wat Vlok teen hom gemaak het
- PW Botha openbaar verdedigende houding (enige x 2) (2)

4.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne 4A, B, and C – V3 – LU2, AS 2; LU3 AS1]*

Kandidate behoort die volgende in hulle antwoord in te sluit:

- Redes vir die WVK
- WVK het aan beide ‘slagoffer’ en ‘oortreder’ gelyke kans gegee om hulle stories te vertel
- Die proses van die WVK(hoe het dit dwars oor die land ontvou)?)
- Die betekenis van die WVK in die gesond maak en versoening in Suid- Afrika
- Enige ander relevante antwoord

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | Verstaan nie of verstaan slegs gedeeltelik die begrip bruikbaar. Kan nie die bruikbaarheid van die bron vasstel nie. | **0 – 1 Punte** |
| **VLAK 2** | Verstaan die begrip bruikbaar en kan die bruikbaarheid van die bron in ‘n mate bepaal. | **2 – 3 Punte** |
| **VLAK 3** | Verstaan hoe en het die vermoë om die bruikbaarheid van die bron te bepaal. Kandidaat gebruik hierdie kennis om tot ‘n duidelike en ingeligte besluit oor die bruikbaarheid van die bron(nne) te kom.. | **4 Punte** |

(6)

4.5.1 *[Analise, sintese en die vermoë om ‘n samehangende argument te formuleer gebaseer op bewyse – V1-3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1,2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende in hulle antwoord in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate behoort die redes vir die stigting van die WVK bespreek sowel as die rol wat die WVK gespeel het om Suid-Afrika van sy verlede te heel.Kandidate moet ook die belangrikste draaipunte in die WVK proses uitlig.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die stigting van die WVK noem as deel van sy poging om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te heel

UITBREIDING

- WVK gestig in terme van die National Unity and Reconciliation Act (Act 34/1995)
- Fokus op redes en doel van die WVK
- Rol van die WVK in menseregte skendings vanaf 1/3/1960 tot 10/05/1994
- WVK bied amnestie aan mense wat erken dat hulle gruweldade gepleeg het
- Individue wat traag was om voorendag te kom sal aangekla word
- WVK het 21000 slagoffers se verklarings gehoor wat verband gehou het met 3800 insidente en die dood van 1400 mense
- Die meeste van die gruweldade is deur agente van die apartheidsregering gepleeg
- Relevante voorbeelde van gruweldade moet genoem word bv die planting van bomme ,'necklacing' die dood van politieke leiers ens.
- WVK stel vergoeding van R30 000 voor vir elke familie wat geraak is
- WVK proses wou kultuur van menseregte skep en mense die vesekering gee dat die leiding en ongeregtigheid van die verlede nooit weer sal plaasvind nie
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

4.5.2 *[Analise, sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te formulee gebaseer op bewyse – V1-3 – LU 2; AS 2,3; LU3; AS1,2, 3 &4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

SINOPSIS

In die skryf van hierdie artikel moet kandidate 'n duidelike argument ten gunste van die WVK aanvoer. Kandidate moet klem lê op die proses, verhore, gevolge en doeltreffenheid van die WVK op Suid-Afrika se nuwe demokrasie.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die WVK in post-apartheid Suid-Afrika noem..

UITBREIDING
- WVK in gevolge van the National Unity and Reconciliation Act (Act 34/1995)
- Skets die doel van die WVK en demostreer sy doeltreffenheid deur op die volgende klem te lê
- WVK kyk na menseregte skendings vanaf 1/3/1960 tot 10/05/1994
- Mense is amnestie gebied indien hulle erken het dat hulle gruweldade gepleeg het
- Individue wat traag was om na vore te kom sou vervolg word
- Wvk het na 21000 slagoffers se verklarings geluister wat na 3800 insidente verwys het en die dood van 1400 mense
- Die meeste van die gruweldade is deur agente van die apartheidsregering gepleeg
- Relevante voorbeelde van gruweldade moet uitgewys word bv die plant van bomme, 'necklacing' die dood van politieke gevangenes ens.
- WVK stel voor dat vergoeding van R30 000 aan elke familie wat geaffekteer is betaal moet word
- WVK wil kultuur van menseregte skep en vir mense die versekering gee dat die leiding en ongeregtigheid van die verlede nooit weer sal gebeur nie
- Deur bogemomde uit te wys
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet argument saamvat met relevante slot (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om die uitgebreide skrywe te assesseer**

**[75]**

**TOTALE PUNT:150**

Kopiereg voorbehou